



Mulongo en die hiënas

Sarah Nangobi
Afrikaans

Daar was eendag 'n meisie genaamd Mulongo wat by haar ouers gebly het naby die dorpie Budongo.

Op 'n dag het Mulongo se ma haar gestuur om water by die put te gaan haal.





Oppad het sy haar vriende ontmoet. Hulle was oppad woud toe om hout te gaan kry vir die vuur. Mulongo wou saam met haar vriende gaan. "Sal julle asseblief vir my onder hierdie muvule boom wag!" het sy gesê, "Ek moet water vir my ma gaan haal." Mulongo se vriende wou nie wag nie.

"Dit is reg, ek sal julle in die woud kry!" het Mulongo gesê.

Sy het gehardloop om water te kry en het dit na haar ma toe gevat.

Mulongo het toe na die woud terug gegaan om te kyk waar haar vriende was.





Sy het 'n pad gevolg wat by 'n stroom uitgekom het.

Aan die ander kant van die stroom was klomp paadjies wat in verskillende rigtings gegaan het.

"Watse pad het my vriende gekies?" het sy gewonder.

Sy het die grootste pad gekies en aangehou om te loop, maar sy kon nie haar vriende vind nie.

Sy was so moeg dat sy aan die slaap geraak het toe sy onder 'n boom gaan sit het om bietjie te rus.





Mulongo het wakker geword en dit was alreeds donker.

Daar was geel oë wat in die donker geskyn het. Mulongo was omring deur hiënas!

Sy was selfs te bang om te huil. Sy het probeer om weg te hardloop, maar die hiënas het haar omring, want hulle was baie honger.

"Moenie beweeg nie," het die nors
stem van die grootste hiëna gesê.
"As jy hardloop, gaan ons jou eet!"
"Laat my asseblief huis toe gaan!"
het Mulongo gesmeek.





Die hiënas het eerder vir Mulongo na hulle huis in die woud gevat. Dit was 'n vuil hut vol bene en daar was 'n gegons van vlieë.

Sy het gaan lê en gemaak of sy slaap.

In die donker het sy die hiënas met mekaar hoor praat. "Hoe kom die vuur aan?" het een hiëna gevra. "Kook die water al?" "Als is reg," het die hiëna geantwoord. "Moet ek haar bring?" "Ja, ja!" het die ander hiënas gegrom. "Ons is honger!" Hulle was gereed om Mulongo uit die hut te sleep.





Die groot hiëna het gepraat, "Hiënas wag. Onthou wat die reëls is. Geen hiëna mag alleen eet nie. Ons moet die hele familie nooi om die maaltyd te deel." "Ek sal die skoonfamilie roep," het sy vrou gesê. "Ek sal al my neefs gaan roep," het die klein hiëna gesê. "Ek sal my broers en susters gaan roep," het 'n ander gesê. "Ek sal hier by ons kos bly," het die groot hiëna gesê.

Die groot hiëna het by die ingang van die hut gesit, terwyl al die ander hiënas in verskillende rigtings gegaan het. Hulle het lank gevat en die groot hiëna het begin insluimer voor die warm vuur.

Binnekort het hy gesnork. Dit was Mulongo se kans om weg te kom! Maar hoe gaan sy verby die hiëna kom? Hy was so groot dat hy die hele ingang van die deur versper het.





Daar was net een uitweg.

Sy het 'n vlieënde sprong regoor die hiëna se rug gemaak en so vinnig gehardloop as wat haar bene haar kon dra.

Die hiënas het toe teruggekom en gesien wat gebeur het. Hulle het agter haar aan gehardloop en getjank van woede en teleurstelling.

Dit was te laat.





Soos Mulongo na haar dorpie teruggekeer het, het een van die inwoners haar erken en geskree "Mulongo, Mulongo is oppad, Mulongo is oppad." Haar pa en ma het uitgehardloop om haar te ontmoet. Hulle het haar 'n druk gegee terwyl hulle vir God dankie gesê het dat Hy hulle kind veilig bewaar het, "Mulongo, Mulongo, ons het gedink jy het gesterf!"



Van daardie dag af het Mulongo en haar vriende nooit weer alleen na die woud gegaan nie.

Mulongo en die hiënas

Writer: Sarah Nangobi

Illustration: Wiehan de Jager

Translated By: Desiré Eybers

Language: Afrikaans



© African Storybook Initiative, 2014 , 2014



This work is licensed under a Creative Commons Attribution
(CC-BY) Version 3.0 Unported Licence

Disclaimer: You are free to download, copy, translate or adapt this story and use the illustrations as long as you attribute or credit the original author/s and illustrator/s.

Saide 
South African Institute
for Distance Education

www.africanstorybook.org
A Saide Initiative